Die volgende môre het Jan probeer om ongemerk oor die werf te kom. Maar daardie kalkoene was wakkerder as waghonde en die gewoontlike geraas het hom begroet. Hulle het hom omsingel en vreeslike kele opgesit. Sonder om te besin, het Jan woedend 'n ou koolstronk opgetel wat die varke laat oorbly het en tussen die kalkoene ingegooi.

Die stronk het die grootste kalkoene mannetjie net mooi teen die kop geraak met die gevolg dat hy soos 'n klip neergeval het. Jan het verwag dat die kalkoen weer sou opspring, maar hy het doodstil bly lê.

Die seun was radeloos. Wat kon hy maak? As die boer sou uitvind wat hy gedoen het, sou hy 'n goeie pak slae kry en sou sy pa die kalkoen moes betaal wat nog 'n loesing sou beteken.

Gou-gou het hy die slap liggaam van die kalkoen opgetel en onder 'n hooimied ingedruk.

Die heeldag was Jan verskriklik bang. Wat as hy uitgevind word? Hy het gevoel asof hy nie wou huistoe gaan nie. Maar, aan die ander kant sou sy moeder weer onrustig word as hy nie kom nie en hy het al begin honger voel. Hy het besluit om eers te gaan kyk of die kalkoen al ontdek was.

Ja! Hy was weg. Met oë op die grond gevestig en 'n bewerige hart het hy oor die werf begin loop. Wat 'n geraas het hom nie begroet nie! Daar was die kalkoene weer, en in die middel, met 'n groter lawaai as die ander, was die kalkoene mannetjie wat dood gewees het!

Die slag het hom net bewusteloos gemaak en kort nadat hy onder die mied gedruk was, het hy opgestaan om weer na die ander te gaan. Jan was vreeslik bly. Dit het gelyk of die hele wêreld weer reg was. Nogtans het hy hom voorgeneem om nooit weer so haastig te wees om gevaarlike goed rond te gooi nie.

F. G. C.



Nuus uit die Veld

Die Strewersweek

DAT die Strewersweek tot seën vir baie van ons jongmense was, blyk uit die verslae wat uit baie dele van die veld inkom.

In baie van ons kerke is daar oorwinnings behaal, lewes weereens toegewy of vir die eerste keer oorgegee. Party verenigings is opnuut opgerig, en ons vertrou van harte dat al ons verenigings nuwe lewe gekry het wat hulle instaat sal stel om op groter skaal te werk.

HELDERBERG het so pas die grootste Instituut in sy geskiedenis geniet.

Die Spioenkop-opleidingskool staan op die rand van die viering van 'n jaarfees na 'n jaar van suksesvolle werksaamheid met 'n rekord-getal wat vroeg in hierdie maand hulle Strewersspelde sal ontvang. 'n Groot aantal word ook voorberei om terselfdertyd gedoop te word.



Die Oproep na die Juniorkamp

A. C. LE BUTT

WEEREENS wens ons om die aandag van ons Juniors en hulle ouers in die Kaapse Konferensie op 'n ander Juniorkamp te vestig. Hierdie keer sal dit egter vir die dogters sowel as die seuns wees en sal êrens in die heerlike Kaapse Skiereiland gehou word vanaf 4 Januarie tot aan die begin van die Kampvergadering van die Kaapse Konferensie wat in Kaapstad sal gehou word van 14 tot 22 Januarie.

Hierdie reëling maak dit moontlik vir ouers om hulle kinders na die Juniorkamp te stuur en hulle dan later by die kampvergadering te ontmoet om hierdie geseënde tyd saam deur te bring.

Hoewel ons nog nie volle besonderhede kan gee nie, is dit nogtans nie te vroegtydig vir ons seuns en dogters om geld te spaar om tien dae by die see deur te bring in die sonnige Suide nie. Die Skiereiland is die regte plek vir 'n aangename samekoms.

Die genieting van uitkampery is welbekend onder die Juniors seuns wat die laaste kamp bygewoon het.

Die geselskap van ander van dieselfde ouderdom wat dieselfde gevoelens en dieselfde uitkyk op die lewe het, is aanloklik. Op sulke geleenthede word daar ware en getroue vriendskappe gesmee, sodat ons die aangename herinneringe aan maats in ander konferensies kan meeneem na ons eie kerke en verenigings.

Ons maak voorbereidings om 'n groot staf volwasse helpers daar te hê om planne te beraam om elke departement van die kamp 'n volslae sukses te maak. Die goedopgeleide verpleegster wat daar sal wees, die buitlug-lewe, die geregleerde program van welgekose plesiere, en die godsdiensoefeninge sal almal bydra tot die liggaamlike en geestelike opheffing van die uitkamper.

Kyk op die landkaart (bl. 8). Sal dit nie gaaf wees om na die Skiereiland te gaan om die heerlike buitlug-lewe te geniet nie? Dink aan die spelletjies, die wandelings, die vreugdevure in die aand, die oefeninge en swemery elke môre, die onderrig, die liedere, die stories rondom die kampvuur, en ook die godsdiensoefeninge waar Jesus in God se groot opelug-tempel met die lug as sy dom, sal aanbid word. Juniors, kom ons begin nou dadelik ons geld spaar vir 'n reis seetoe!

Vra julle Ouderling of Strewersleier om 'n inskrywingsvorm asook om Sirkufer No. 1 wat verdere besonderhede bevat. Indien jy 'n afgeleë lid is wat nie by 'n kerk kan kom nie, skryf dan 'n brief aan A. C. Le Butt, Posbus 508, Port Elizabeth, om verdere inligting.

Ouers, gee u seuns en dogters 'n kans om die Juniorkamp by te woon en getraakteer te word op 'n manier wat hulle nooit sal vergeet nie, en wat hulle geestelik, liggaamlik, en verstandelik sal ontwikkel.

'n Boodskap aan Ouers

Deur 'n Moeder met 'n Gebroke Hart

HAAR is geen verdriet so groot as die van 'n mens self die oorsaak is nie. 'n vriende ontrou is of as dierbares deur dood weggenem word tot daardie dag so spoedig sal kom, vind 'n mens verstanting in die Een wat Sy kinders nooit die steek laat nie. Daar is geen verdriet as myne nie, want dit is my eie skuld — sal ek sê, sonde? — dat my dogter in Christuslose graf lê.

Ek sal begin by die dae toe sy 'n klein tertjie in die Sabbatskool was. Ek was ters op Marie se liefde vir haar onderes, wie se kennis van kinders haar help het om waardevolle lesse op Marie verstand af te druk — jaloers om te dink sy Marie 'n uur lank kon besig hou sondat ek die vernaamste figuur was. Ek is niemand anders in haar lewe hê nie, my ekskuus was my ontsaglike liefde haar.

Hoewel ons 'n goeie kerkskool gehad het, ek begeer om Marie tuis te hou. Ek is haar gedurig by my hê; maar ander wense het die oorhand gekry met die olog dat sy skool-toe gegaan het. Ek is uiters dankbaar gewees het dat sy verurende die hele tydperk van sewe jaar ter onderwysers van buitengewoon sterk akters gewees het wat 'n merkwaardige loed ten goede op haar uitgeoefen het. Maar in stede daarvan was ek moedswillig edelik toe ek Marie sien ontwikkel het in pragtige dogter met 'n ryke Christelike ervinding vir haar ouderdom.

Sy was diep geïnteresseerd in alle Sabbatskoolwerkzaamhede, en toe die Strewers-ek die junior seuns en dogters ook inget het, het sy alles in haar vermoë gedoen die plaaslike vereniging 'n sukses te maak. Sy het veral van die ligstraal-werk hou, en dikwels het sy vir 'n ou sieklike ou in ons buurt gaan lees. As dit aan oorgelaat was, sou ek haar nooit toe laat het om aan al hierdie dinge deel te neem nie; maar iemand anders het my bete in verband met sulke sake verwerp verurende haar kerkskooldae. Ek sou haar durig by my gehou het daar ek dit nie tot verdra om te sien dat andere so 'n pot plek in haar gedagtes en in haar harte ingeneem het nie. As ek nou terug-ek, kan ek sien dat ek nooit daardie Christelike karakter wat sy op veertien-ge leeftyd gehad het, in haar sou ontwikkel het nie. Ek was te jaloers op haar de; ek wou dit vir myself alleen hê.

Toe moes ons besluit waar sy haar ver-ge opleiding sou geniet. Haar vader wou dat sy na die opleidingskool omtrent 'n myl van ons af, moes gaan. Ek het rop aangedring dat sy die plaaslike kerkskool moes bywoon, en teneinde my sin kry, het ek al die argumente geopper moederliefde in sy onverstandige blind-

heid kon gebruik. Dit was 'n baie goeie skool en beter toegerus as die opleidingskool; daar was bekwame onderwysers; ek sou Marie by my kon hê in stede van om haar slegs eenmaal per maand te sien; ek was oortuig dat my invloed die invloed van die hoerskool sou tot niet maak. Vir 'n tyd is my argumente nie in aanmerking geneem nie en was Marie gelukkig weens die gedagte dat sy na die opleidingskool sou gaan.

„Ek wil eendag 'n buitelandse sendelinge wees en as ek na die hoerskool gaan, sal ek nie een kan word nie,” het sy eendag gesê toe ons besig was om naaldwerk te doen.

Skielik, slegs twee weke voordat sy moes vertrek, het haar vader gesterf en het ander mense van die gesin weggegaan. Ek was nou alleen met Marie. Sy het nog 'n innige begeerte gehad om na die opleidingskool te gaan. Daar was geen rede waarom sy nie kon gaan nie. Dit sou my weliswaar baie eensaam laat voel het, maar ek moes die raad van die Here aangeneem het en sy belofte aan wese en weduwees onthou het. Intendeel het ek met afkeur aan die nuwe belange wat in haar lewe sou kom, gedink en nie besef dat om haar met my onredelike liefde te versmoor, die beste manier was om haar liefde en respek vir my dood te maak nie.

So het dit gekom dat Marie ons plaaslike hoerskool besoek het. Gedurende daardie eerste jaar het ek geen verandering opgemerk nie en was ek hoogs tevrede omdat sy ewe bereidwillig haar strewers- en Sabbatskoolwerkzaamhede opgeoffer het om tuis te bly by my. Dit was al wat ek verlang het.

Gedurende haar tweede jaar het daar egter verwikkelinge ingetree. Sy het begin wegby na skoolure en dikwels eers na die aandete huis-toe gekom. Ek het probeer om haar te vertel hoedat dit my liefde seergemaak het. Maar in stede van toegeeflik te wees soos gewoonlik, het sy uitgebars:

„Ma het my nie lief nie! As dit die geval was, sou ma my na die opleidingskool gestuur het waar dit baie makliker is om goed te wees.”

Dit moes genoegsame waarskuwing gewees het, veral omdat Marie nou stilgebly het in verband met alles aangaande haar skoollewe. Maar ek het nie aggeslaan op die boodskap wat die Here my deur middel van haar uitbarsting wou stuur nie. Binnekort was daar 'n ander storm — hierdie keer in verband met die jong vriende wat saans soontoe gekom het. Onder hulle was seuns wat aangetrok was deur Marie se lieflike gesig en lang krulle.

„Kan my dogtertjie dan nie gelukkig wees in haar moeder se liefde nie?”

„Ma het my nie lief nie, anders sou ma my toegelaat het om vriende te hê!”

Toe ons gedurende die vakansie familie-betrekkinge gaan besoek het, was Marie meer soos die opgeruimde dogtertjie van vroeër, hoewel daar dikwels 'n rusteloosheid te bespeur was, wat ek nie eens probeer het om te verstaan nie. Toe die tyd nadergekom het vir die skool om te heropen, het sy nogmaals versoek om na die opleidingskool te gaan.

„En jou moeder alleen laat agterbly?” het ek gevra.

„Ek het dit nodig,” was al wat sy gesê het.

Sy het nie weer gevra nie. Met verloop van tyd het sy minder en steeds minder tyd tuis deurgebring. Daar sy altyd 'n skrandere student was en populêr by onderwysers sowel as klasmaats, het sy 'n leier geword.

„Ons klas voer 'n toneelstuk op, en ek moet sekere artikels gaan koop. Na dit gaan ek oor na Jane om 'n aandrok reg te maak vir ons klasdans vanaand,” het sy een Sabbatmôre aangekondig.

„Marie! Jy sal tog seker nie hierdie dinge op die Sabbat doen nie! Gaan jy dan nie saam met my Sabbatskool-toe nie?”

Sy het niks geantwoord nie, maar haar handsak gevat en uitgestap. Ek het haar nie weer voor die volgende oggend gesien nie, hoewel ek haar laat die nag hoor inkom en in haar kamer ingaan het. Toe ek in die gang uitgegaan het, het sy haar deur gesluit.

Niemand behalwe 'n moeder wat so onverstandig soos ek in haar liefde gewees het, kan 'n begrip vorm van die vreeslike verstandelike lyding van daardie nagtelike ure nie. Te laat het ek besef waarheen my selfsugtige, blinde liefde en onredelike jaloerie op ander belange in haar lewe, gelei het. In verootmoediging en sielesmart het ek tot berou gekom.

Die volgende môre toe Marie ingekom het vir ontbyt, het ek niks gesê van die manier waarop sy die Sabbat deurgebring het nie. Ook het ek nie gevra waar sy die nag geslaap het nie. „Die eerste halfjaar is nou verby, en ek dink dit sal gaaf wees as jy vir hierdie laaste halfjaar opleidingskool-toe gaan.”

Sy het effens gelag. „Is dit 'n poging om die verlore skaap te red, moeder?” Na 'n pose het sy gesê: „Dit is te laat. Ek het nie meer 'n begeerte om te gaan nie.”

Die laaste helfte van haar junior- asook haar seniorjaar het vinnig genoeg verbygevlug vir haar hoewel dit wrede marteling was vir my. As ek my moederliefde opgehaal het, het dit haar net kwaad gemaak en ek het ook nie kans gesien om haar so 'n onwaardige liefde soos myne voor te hou nie. Sy het orals heengegaan as voorbok van 'n plesierige klomp. Haar huis was

slegs 'n plek waar sy moes kom eet en slaap. Daar sy altyd 'n briljante student was, het sy gegradueer. Daarna het ek haar nog minder gesien.

„Die lewe is te stil hier. Ek gaan Hollywood-toe. 'n Klomp van ons motor soon-toe.”

Ek het probeer om iets te sê, maar sy wou nie luister nie.

(Word vervolg)



Dae van die Latere Reën te Thekerani

(Vervolg van vorige uitgawe)

Mohammedanisme, aan die ander kant, maak meer steelsgewyse vooruitgang, daar 'n mens byna nooit iets daarvan sien of hoor behalwe 'n oproep tot aanbidding teen sonder as 'n mens toevallig naby 'n plek van aanbidding is nie. Nogtans openbaar die statistieke dat van die meer as een-en-'n-half-miljoen naturelle in die Protektoraat elke elfde een 'n Mohammedaan is. Dit is verbasend, maar is nogtans 'n feit, dat in Limbe, 'n dorp omtrent so groot soos Blantyre, en die hoofkwartiere van die Niassalandse Spoorweë, al die vleis wat op die mark verkoop word, deur 'n Mohammedaan geslag word, daar vleis wat deur 'n Heiden of deur 'n Christen geslag is, nie op die marktafels toegelaat word nie. Die mistisisme en bygelooft van die Mohammedaanse geloof is aangrypend vir die hart van die inboorling, en as hy eenmaal 'n volgeling is, bly hy sy hele lewe lang een — met min uitsonderings.

In hierdie twee dryfkragte sien ons, as 't ware, die Ooste en die Weste mekaar ontmoet. Tussenin is die getroue klompie van God se laaste kerk wat die boodskap met verbasende sukses verkondig. Die kampvergaderings gee die werk altyd nuwe krag. Ons rapporteer maar net wat op elkeen gebeur, maar hierdie byeenkomste word maandelank deur die regeringsbeampstes bespreek, asook deur die ander genootskappe en mense. Kort na die kampvergaderings word daar elke jaar publieke pogings gehou, en wanneer ons met hierdie pogings besig is, kan ons dikwels die invloed van die kampvergaderings bespeur. (Die kampvergaderings in die sendingvelde speel 'n vername rol in die verspreiding van die boodskap.)

Tydens die skrywe van hierdie artikel, is daar elf pogings aan die gang in ons terrein. Van almal kom daar bemoedigende rapporte. Gister, by die buiteskool (Salima) het al die mense die Sabbat-skool bygewoon, en in die daaropvolgende diens het veertien van hulle Christus as hulle enigste Verlosser aangeneem. Thekerani en die omliggende sentrums het agtien pogings as hulle doel vir 1937 gestel. Ons verwag om 1,000 bekeerlinge by ons doopklaste te voeg, waar hulle so ywerig versorg word soos wat 'n nasie sy „Boy Scouts” en „Girl Guides” oplei. God sal die bekeerlinge werf, en ons plig is om ywerig en getrou te wees in ons arbeid.

In al die vertakkinge van Gods werk, word dit gevoel hoedat Hy die werk tot 'n spoedige en triomfantlike voleinding bring. Ons skole, Sabbat-skole, en Strewersvereniginge dra almal daartoe by om die boodskap te versprei. Ons tiendes en offerandes vermeerder. Die lede word al hoe meer entoesiasies in kerklike werksaamhede. Ons kry versoeke om nuwe skole te open. Hierdie versoeke kom van Noord, Suid, Oos en Wes, en nie alleen van inboorlinge nie. Ek het hier 'n brief van 'n Distriks-kommissaris wat ons versoek om 'n skool in sy distrik te open. Die werk gaan vooruit op 'n manier wat diegene wat die beproewinge en teleurstellings wat die baanbrekerswerk in hierdie land deurgemaak het, inderdaad sou verbaas. Ons sê saam met die Psalmis:

„Dit het van die Here gekom;

Dit is wonderlik in ons oë.

Dit is die dag wat die Here gemaak het; Laat ons daarvoor juig en bly wees.

Ag, Here, gee tog heil;

Ag Here, gee tog voorspoed!”

(Ps. 118: 23-25.)

Helderberg Kollege

Spesiale Dienste te Helderberg

Die dae van 8-11 September sal altyd as gedenkwaardige dae op die kalender van Helderberg aangewys staan. Gedurende daardie korte tydjie het ons 'n geestelike fees van goeie dinge geniet. Leraar Clifford het môre- sowel as aanddienste van 'n hulpvaardige aard gehou.

Die gees van gebed en intreding het hom klaarblyklik van elke hart meester gemaak, en ernstige smeekbedes wat na God opgestuur is, het baie geestelike oorwinnings as gevolg gehad. Hoewel daar min aandoenlikheid was, het daar 'n diepe, ernstige en gewillige gees geheers in die skool. Weereens het die waarheid van die Gees van profesie 'n indruk op ons gemaak om die feit op ons mense se harte te druk dat ons skole beskermingsoorde vir ons jeug is teen beproewinge en versoekinge.

Daar is pleidooie gelewer vir die persoonlike oorgawe van harte òf vir die eerste keer òf as 'n her-oorgawe na 'n onbevredigende ondervinding. Baie het aan hierdie versoeke voldoen en ongeveer vyftig het geloftekaartjies geteken om 'n nuwe lewenspad te bewandel. So-te-sê die hele skool — beide oud en jonk — het aan die toewydingsdiens deelgeneem. Die engele in die hemel het ongetwyfeld gejuig toe hulle hierdie toneel gadeslaan het. Spesiale klasse buiten die gereëide doopklas sal gehou word om die geestelike lewe van hierdie nuwelinge op te bou. Ons vra om voorbidding dat hierdie hoër peil mag standhou en dat daar tot aan die einde

van hierdie skooljaar 'n hoë geestelike tempo mag aangegee word.

G. E. SHANKER

Doodsberig

KITNEY.—Na 'n ernstige siekte van kverlamming oor 'n tydperk van ses maande is Maria Cornelia Petronella Kitney Potchefstroom op Woensdag, 25 Augustus 1937, oorlede.

„Hier kom die geduld van die Heil te pas.” „Salig is van nou af die d wat in die Here sterwe, sodat hulle rus van hul arbeid en hulle werke volg hulle.”

Temidde van al haar bittere smartlyding was sy altyd geduldig en ook getrou om 'n woord van troos en aanmoediging aan andere toetespreek. Na aan die einde kon sy nie meer praat, eet of drink. Van die laaste woorde wat sr. Kitney skryf het, was, „Ek is honger,” en „Elders.” Aan haar kom die salige belofte toe: „Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, . . . Hulle sal nie honger nie en nie meer dors hê nie . . . en God sal alle tranes van hulle oë afvee.”

Ons treur saam met die vader, vier broeders en bloedverwante maar ons treur sonder hoop nie. Sy was getrou tot dood en ons sien uit na die heerlike standings-môre om haar weer te ontmoet.

J. RAUBENHELMER

Obituaries

STEPHEN.—Caroline Christina Elizabeth Stephen was born in the Cape Province in 1860 and passed away in the Krugersdorp hospital on September 6, 1937.

Our late Sister Stephen embraced the message in 1925, in Johannesburg, under the preaching of Elder W. L. Hyatt. She lived in the Eastern Transvaal and was known to all in Krugersdorp. She was known as a sincere Christian and devout Seventh-day Adventist.

After a long and lingering illness she passed away, to rest from her labours in the return of the Saviour.

We laid her to rest at the Krugersdorp Cemetery in the sure and certain hope of a joyful resurrection to eternal life.

A. W. STAPLETON

TINGTINGER.—Mr. Jacobus J. Tingtinger of Kroonstad was born on January 18, 1897, and was tragically killed in a railway accident at Dover, O. F. S., on September 9, 1937.

He was of a kindly disposition, and a model husband and father. The funeral was held at the Kroonstad church, who attended the impressive burial service conducted by Elder Herholdt, testified to the esteem in which he was held by his friends.

A widow, three daughters, Anne, Charlene, and Kate, who are pupils of our Kroonstad church school, and numerous relatives and friends are left to mourn. Our hearty sympathy is extended to the bereaved.

L. G. STAPLETON

The Southern

African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

D. A. WEBSTER _____ Editor.

Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright _____ President.
C. W. Bozarth _____ Treas. and Auditor.
M. P. Robison _____ Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt _____ M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge _____ Medical Secy.
F. E. Potter _____ H. M. and Field Miss. Secy.
L. L. Moffitt _____ Religious Liberty Secy.

Call to the Junior Camp

A. C. LE BUTT

ONCE again we are attracting the attention of our Juniors and their parents in the Cape Conference to another Junior camp. This time, however, it will be for the girls as well as the boys and will be held somewhere in the glorious Cape Peninsula, commencing January 4 and continuing right up to the Camp-meeting of the Cape Conference, which will be held in Cape Town, January 14 to 22.

This arrangement makes it possible for parents to send their children to the Junior camp and then to meet them at the camp-meeting later and so enjoy this blessed season together.


Though it is too soon for us to give full details, yet it is not too early for our boys and girls to save up their money and arrange to spend ten days by the sea in the sunny South. The Peninsula is the place for a happy time together.

The joys of camping are well-known among the Junior boys who attended the last camp. The fact that every lad put on weight speaks for itself.

The companionship of others of the same age, who share the same feelings and have the same outlook in life, is a wonderful attraction. It is at gatherings of this kind where friendships staunch and true are formed, and when we go back to our home churches and societies, we shall carry with us pleasant memories of comrades in other parts of our conference.

We are planning to have a very strong staff of adult helpers who will devise plans to make every department of the camp a great success. The fully trained nurse who will be in attendance during the time of the camp, the open-air life, the regular programme of well-selected pleasures, and the devotional exercises, will all contribute to the physical and spiritual uplift of the campers.

Take a look at the map. Won't it be fine making our way toward the Peninsula with the wonderful joy of life in the open? Think of the games, the hikes, the bonfires in the evening, the drilling and the swim-



ming every morning, the instructional classes, the sing-songs, the stories told around the camp-fire, and last but by no means the least, the devotional periods, worshipping Jesus in God's great open-air temple with the sky as its dome. Juniors, let us plan right now and start saving our money for a trip to the sea!

Ask your Church Elder or Missionary Volunteer leader for an enrolment form and for Circular Number One, giving further particulars. If you are isolated, and are not able to attend a church send a letter to A. C. Le Butt, P.O. Box 508, Port Elizabeth, and you will get further instruction.

Parents, give your boys and girls an opportunity of attending the Junior Camp and give them a treat which they will never forget, and one that will develop them spiritually, intellectually, and physically!

General News Notes

ELDER BOZARTH has left for Bloemfontein where he will join Elder A. F. Tarr and other members of the committee appointed to deal with the details of the transfer of the South African Union Training School from Spion Kop.

WE are glad to welcome Elder J. van de Merwe and family back to South Africa. They arrived in the S. S. "Dullio," September 25. Brother van de Merwe graduated from Pacific Union College in May and then went to Washington where he took summer-school work in the Advanced Bible School. Just before leaving the States they attended the General Conference Education Council held in Ashville, N. C.

The SABBATH and the SABBATH DAY

The author, Elder Arthur W. Spalding, says:

"This book is frankly written for Seventh-day Adventists, and especially for Seventh-day Adventist young people. But it is equally good for people who are not Seventh-day Adventists, because the Sabbath belongs to all. . . . There is all too little of Sabbathkeeping; and much that is called Sabbathkeeping is not Sabbathkeeping."

The many helpful suggestions on Sabbathkeeping will aid you to make the Sabbath day "glorious in opportunity and in power, a rest, an inspiration, and a delight."

Order it NOW.

Bound in attractive paper covers for only 1/9 post paid.

Order through your Book Depository.

Appreciation

MR. ANSLEY and family wish to thank all members of the Kimberley church and friends for their kindness and sympathy expressed in the many letters, telegrams, and beautiful floral tributes sent during their recent sad bereavement.

"WHILE we are looking after the interests of Christ in this world, He is looking after ours in heaven."